Donderdag **26 Desember**

**Skrifgedeelte: Filippense 3:1-11**

**Fokusgedeelte: Filippense 3:7-10**

**Om Christus te ken, oortref alles in waarde**

Ons verstaan baie goed wat ’n bate en ’n las is. Jou bates is onder andere jou huisinhoud en jou voertuig. Skuld is vir baie mense, veral in die tyd waarin ons leef, ’n groot las. As jou laste meer is as jou bates, is jy in die moelikheid.

Paulus skryf hier oor die geestelike bate en las van sy lewe. Wat eers vir hom ’n bate was, beskou hy nou as waardeloos ter wille van Christus.

Wat was eers vir Paulus ’n bate? In die gemeente van Filippi is uiterlike sake soos die besnydenis deur dwaallerraars as vereiste van ware geloof beklemtoon. Uiterlike sake het ook in Paulus se lewe ’n belangrike rol gespeel. Hy noem sewe uiterlike sake waaraan hy voldoen het om ’n ware Jood te wees (vs 4). As Paulus op sy lewe terugkyk, het al hierdie dinge vir hom geen waarde nie. Ter wille van Christus het hy alles prysgegee en beskou dit as verwerplik. Dit het vir hom ’n las geword.

Daarom stel Paulus baie duidelik dat, om Christus te ken, alles in waarde oortref. Daar is net een ding waarna hy streef en wat hy wens. Dit is om Christus te ken. Kennis van Christus gee aan hom die sekerheid dat hy vrygespreek is deur in Christus te glo, en nie deur die uiterlike voorskrifte van die wet nie. So kan hy dan leef in die krag van Christus se opstanding en deel aan Christus se lyding om so aan Christus gelyk te word in sy dood.

Kyk ondersoekend na jou geestelike bates en laste. Beskou jy uiterlike dinge soos jou geld, jou identiteit, jou goeie dade, jou posisie by die werk en in die gemeenskap, as bates? Al hierdie uiterlike ding het vir jou geen geestelike waarde nie. Dit is ’n las. Jou enigste bate is om Christus te ken.

*Sing: Psalm 2-1:4*

*Ds. AF (Fenmo) Berg (Pongola/Piet Retief)*